
# SIEKTES WAT OORGEDRA WORD DEUR MUSKIETE EN BOSLUISE




# MUSKIETE EN BOSLUISE

## "HULLE KAN SIEKTES OORDRA VANAF 'N SIEK PERSOON OF DIER NA 'N GESONDE EEN."

Muskiete en bosluise kan siektes na mense en diere oordra. Wanneer 'n besmette bosluis of muskiet'n persoon of dier byt kan die siekte na die persoon of dier oorgedra word. Bosluise en muskiete kan ook siektes oordra indien hulle 'n siek persoon of dier byt en dan daarna 'n gesonde persoon of dier byt.





Ons gaan praat oor vier siektes wat muskiete en bosluise oordra. Al gaan ons net hierdie vier siektes bespreek kan hulle nog baie ander siektes ook versprei.

Wanneer muskiete of bosluise mense of diere byt, word die persoon of dier se bloed gedrink. Muskiete drink die bloed van 'n mens of dier sodat hulle eiers kan lê. Bosluise drink mense of diere se bloed om eiers te kan lê of om groter te kan groei.




# MUSKIETE SE HABITAT


**"MUSKIETE LÊ HULLE EIERS DIREK OP WATER OF ENIGE VOGTIGE PLEK."**



Muskiete kan hulle eiers lê op baie plekke waar 'n persoon in aanraking met dit kan kom. Daarom is dit beter om versigtig te wees indien jy naby so 'n plek is. Muskiete lê hulle eiers direk op die water of op enige vogtige plek waar water moontlik kan vloei. Dit kan byvoorbeeld 'n pan, 'n visdammetjie, 'n plas water langs die pad, 'n rivier, 'n kan water wat in jou huis of tuin staan, of selfs in 'n motorband waarin daar bietjie water lê wees.



Sodra die eiers uitbroei bly die babamuskiete vir 'n paar dae in die water. Wanneer hulle groter is vlieg hulle weg om kos te gaan soek.




# SLENKDALKOORS

Een van die siektes wat muskiete kan oordra is Slenkdalkoors. Slenkdalkoors is 'n siekte wat koeie, skape en bokke affekteer. Gedurende 'n Slenkdalkoorsuitbraak sal baie dragtige vee aborsies ondergaan en baie van die jong vee sal skielik vrek. Slenkdalkoors kan ook mense siek maak – dit versoorsaak simptome soos koors en ander griepsimptome.




**"SLENKDALKOORS IS 'N SIEKTE WAT KOEIE, SKAPE EN BOKKE AFFEKTEER."**





# DIE VERSPREIDING NA VEE

## "SLENKDALKOORS WORD OORGEDRA VANAF MUSKIETE NA VEE."

Muskiete oordra Slenkdalkoors tussen vee. Slenkdalkoors kom gewoontlik voor na lang periodes van reënval of vloede.







Die vloede gee baie muskiete kans om uit te broei. Soms kan vee nog steeds siek word van Slenkdalkoors al was daar geen vloede in die omgewing nie.

# DIE VERSPREIDING NA MENSE

Slenkdalkoors kan oorgedra word vanaf 'n dier wat besig is om te aborteer, na die persoon wat hierdie dier help. Mense kan ook siek word indien hulle aan ongepasteuriseerde melk van 'n siek dier raak of die ongepasteuriseerde melk van 'n siek dier drink.




Mense kan ook Slenkdalkoors kry indien 'n besmette muskiet hulle byt. Alhoewel meeste mense wat Slenkdalkoors kry net matig siek word, is daar wel mense wat baie ernstig siek word van Slenkdalkoors en kan selfs sterf.

# STOP DIE VERSPREIDING VAN SLENKDALKOORS

## "DAAR IS 'N INENTING BESKIKBAAR WAT VEE KAN BESKERM TEEN SLENKDALKOORS."

Jy kan jou vee inent om hulle teen Slenkdalkoors te beskerm. Ons stel voor dat jy jou skape, beeste en bokke tenminste een keer terwyl hulle nog jonk is met die lewendige entstof inent. Indien jou diere Slenkdalkoors het, moet jy hulle wegskuif van die pan water waar die muskiete bly. Dit is ook beter om hulle na 'n hoër gebied te skuif. Indien jy 'n dier moet bystaan tydens 'n geboorte of 'n aborsie moet jy seker maak jy dra handskoene en 'n oorpak. Was altyd jou hande en arms met seep en water nadat jy 'n dier bygestaan het tydens 'n geboorte of aborsie.








# KONGOKOORS

Die Bontpootbosluis versprei Kongokoors. Hierdie bosluis het ‘n swart rug met gestreepte bene.



# SIMPTOME VAN KONGOKOORS


## "KONGOKOORS MAAK NIE DIERE SIEK NIE, MAAR BESMETTE DIERE KAN KONGOKOORS OORDRA NA BOSLUISE OF MENSE."

Mense wat Kongokoors kry het gewoontlik 'n erge koors, hoofpyne en seer spiere. Sommige mense wat Kongokoors het kan begin bloei sonder enige snye en dit kan baie gevaarlik wees. Een uit elke vier persone wat Kongokoors het kan sterf.



Mense met Kongokoors moet hospitaal toe gaan om behandeling te ontvang. Kongokoors oordra baie vinnig en maklik van een persoon na 'n ander. As die persoon wat Kongokoors het hospitaal toe gaan verhoed dit dat ander mense of die persoon se familie siek word.

Dit lyk nie of Kongokoors diere siek maak nie, maar besmette diere kan die siekte oordra na bosluise en mense. 'n Persoon kan Kongokoors kry deur 'n bosluisbyt, deur met besmette vleis te werk of deur iemand wat siek is te versorg.






# AFRIKAANSE BOSLUISKOORS

## “DIE SUID-AFRIKAANSE BONTBOSLUIS OORDRA AFRIKAANSE BOSLUISKOORS.”


Die Suid-Afrikaanse Bontbosluis versprei Afrikaanse Bosluiskoors. Die volwasse bosluise het ‘n kleurvolle patroon op hul rug. Meeste van die tyd is dit ‘n bababosluis wat mense byt en sodoende kry die persoon dan Bosluiskoors. Die bababosluis is baie klein en ‘n persoon sal sukkel om die bosluis te kry indien dit jou gebyt het.




# SIMPTOME VAN BOSLUISKOORS



**"BOSLUISKOORS KOM ALGEMEEN VOOR ONDER MENSE WAT IN AFGELEË GEBIEDE OF INFORMELE NEDERSETTINGS BLY OMDAT BOSLUISE GEREELD OP MENSE VOORKOM."**





Bosluiskoors veroorsaak koors, hoofpyne en seer spiere. 'n Paar mense kan dalk rooi kolle op hul vel kry. Al maak Bosluiskoors jou baie siek, sal meeste mense gesond word daarvan. Meeste mense sal op hul eie gesond word, maar sommige mense raak verskriklik siek en benodig dan antibiotika voor hulle gesond word.

Volwasse Bontbosluise kom voor op beeste, skape, bokke, perde en wilde diere. Bosluiskoors maak nie diere siek nie, maar diere wat besmet is met Bosluiskoors kan vir tot 'n maand dit na ander bosluise of menseversprei.

# HARTWATER

Die Bontbosluis kan ook Hartwater na diere oordra. Hartwater maak nie mense siek nie, maar beeste, skape en bokke kan vrek van hierdie siekte. Die aantal vee wat jaarliks vrek van Hartwater kos Suid-Afrika miljoene rande elke jaar.




# WAAR BYT BOSLUISE?


**"HONGER BOSLUISE WAG GEWOONTLIK IN LANG GRAS, STRUIKE OF OP DOOIE BLARE VIR 'N PERSOON OF DIER OM VERBY TE KOM."**

Honger bosluise wag gewoontlik in lang gras, struike of op dooie blare vir 'n persoon of dier om verby te kom. Wanneer 'n persoon of dier se been dan verby die bosluis skuur sal die bosluis op die persoon of dier se been klim en vasklou. Die bosluis sal dan teen die persoon of dier se been opklim en kan die persoon of dier enige plek byt. Meeste van die tyd byt bosluise mense in die lies, op die middellyf, in die armholtes, in die ore of op die haarlyn. Bosluise kan nie spring nie en bly selde in kort plantegroei.



# WAT MOET JY DOEN MET 'N BOSLUIS?





"Verwyder dadelik enige bosluis wat op jou of enige van jou familielede is. Wanneer 'n bosluis byt hou dit baie styf vas aan jou vel en dit sal lyk asof die bosluis nie wil afkom nie. Die beste manier om die bosluis af te haal is om 'n haartangetjie te gebruik. Knyp die bosluis se kop (die naaste plek aan jou vel waar die bosluis gebyt het) en trek dan reguit weg van jou vel af. Probeer om nie die bosluis se kop in jou vel te los nie.



Dit is die beste om 'n bosluis te vernietig sodat dit jou nie weer byt nie en ook nie enige iemand anders nie. Die twee beste maniere om 'n bosluis te vernietig is om die bosluis in 'n vuur te gooi of plat te druk tussen twee klippe. Moenie die bosluis tussen jou vingers plat druk nie, want jy kan sodoende ook die siekte kry. Nadat jy die bosluis verwyder en vernietig het moet jy jou hande met seep en water was.



**"DIT IS DIE BESTE OM 'N BOSLUIS TE VERNIETIG SODAT DIT JOU NIE WEER BYT NIE EN OOK NIE ENIGE IEMAND ANDERS NIE."**

# HOE OM BOSLUISBYTE TE VOORKOM

**"INDIEN JY 'N BOSLUIS KAN VERWYDER OF VERNIETIG VOORDAT DIT JOU BYT SAL JY NIE SIEK WORD NIE."**






Die beste manier om te voorkom dat jy siek word is om seker te maak 'n bosluis byt jou nie. Ondersoek altyd jouself en jou kinders nadat julle in 'n veld of saam met vee was. Jy kan ook langmouhemde en broeke dra as jy weet jy gaan in die veld wees of saam met diere. Druk jou langmoubroek by jou kouse in, dit sal help dat die bosluis op jou broek in plaas van in jou broek loop en sodoende sal jy die bosluis makliker kan sien. Laastens kan jy 'n inseksproei gebruik wat spesifiek gemaak is om op mense of klere te gebruik.



Bababosluise is baie klein, so klein soos die punt . ,so jy moet baie mooi en noukeurig kyk om hulle te sien. As jy 'n bosluis kan verwyder voordat dit jou byt sal jy nie siek word nie. Indien die bosluis jou reeds gebyt het moet jy dit dadelik verwyder. Hoe langer die bosluis jou byt, hoe groter is die kans dat jy kan siek word. Let wel, jy sal nie siek word na elke bosluisbyt nie.



**VERSKILLENDE BOSLUIS GROOTES**

# HOE OM JOUSELF TE BESKERM

## "JY KAN JOUSELF EN JOU FAMILY BESKERM"

Muskiete en bosluise kan seer en jeukerige bytplekke veroorsaak. Sommige muskiete en bosluise wat jou byt kan jou baie siek maak. Beskerm jouself en jou familie van muskiete deur vensterskerms en muskietnette te gebruik. Keer bosluise deur noukeurig te kyk vir bosluise om hulle dadelik te verwyder. Was altyd jou hande nadat jy aan diere of bosluise gevat het asook nadat jy vleis hanteer het.








**VERWYYDER BOSLUISE ONMIDDELLIK**







Jy kan jou vee beskerm van Slenkdalkoors deur hulle in te ent teen die siekte en jy kan jou diere beskerm teen Bosluiskoors deur hulle te dip in gif wat help dat die bosluise afval.

# DINGE OM TE ONTHOU





















# SIEKTES WAT OORGEDRA WORD DEUR MUSKIETE EN BOSLUISE

**Siektes wat oorgedra word deur muskiete en bosluise**

**Geskryfdeur:** Melinda K Rostal[1], Veerle Msimang[2], Whitney Bagge[1]
**Redigeer en vertaling deur:** Assaf Anyamba[3], Claudia Cordel[4], Alan Kemp[2], Alison Lubisi[5],Peter Thompson[6], Catherine Machalaba[1], Janusz Paweska[2], Harold Weepener[7], William Karesh[1]
**Ontwerp en uitleg deur:** Rani Smith[8]

1. EcoHealth Alliance, 520 Eighth Avenue, Ste. 1200, New York City, New York 10018, USA
2. Centre for Emerging Zoonotic and Parasitic Diseases, National Institute for Communicable Diseases, National Health Laboratory Service, 1 Modderfontein Road, Sandringham, Johannesburg, 2192, South Africa
3. Universities Space Research Association (USRA) & NASA/Goddard Space Flight Center, Code 618, Greenbelt, MD. 20771, USA.
4. ExecuVet, New Tempe Airport, Kenilworth Road, Groenvlei, Bloemfontein, Free State, 9301, South Africa
5. Agricultural Research Council-Onderstepoort Veterinary Research, No. 100 Old Soutpan Road, Onderstepoort, 0110, South Africa
6. University of Pretoria, corner Lynnwood Road and Roper Street, Hatfield, Pretoria, 0002, South Africa
7. Agricultural Research Council-Soil, Climate and Water, 600 Belvedere Street, Pretoria, 0001, South Africa
8. Avocado Spread, University of Johannesburg, Bunting road campus, Johannesburg, 2092, South Africa

Die vervaardiging van hierdie boek is geborg deur die U.S Department of Defense, Defense threat Reduction Agency. Die inhoud en inligting verteenwoordig nie noodwedig die posisie of beleid van die department nie en geen optelike goedkeuring mag afgelei word nie.

2020 Weergawe

EcoHealth Alliance

NATIONAL INSTITUTE FOR COMMUNICABLE DISEASES
Division of the National Health Laboratory Service

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA